# Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 17

*Toe Agitofel sien sy raad word nie gevolg nie, het hy sy donkie opgesaal en na sy huis toe in sy tuisdorp gery. Daar*

> *het hy sy sake gereël en homself opgehang en gesterf. Hy is in die familiegraf begrawe. (vers 23)*

Wat moet ons van Agitofel se selfdood sê? Ons lees net van enkele gevalle van selfdood in die Bybel: Abimelek (Rig 9:54), Saul (1 Sam 31:4), Agitofel (2 Sam 17:23), Simri (1 Kon 16:18) en Judas Iskariot (Matt 27:5). Nie een van dié karakters se lewens is navolgenswaardig nie. Dan is daar natuurlik ook Simson (Rig 16:29-30).
Ek kan nie in dié kort stukkie 'n uitgebreide antwoord oor die kwessie van selfdood gee nie. Ek wil net enkele opmerkings maak oor hoe ons vanuit Bybelse perspektiewe hieroor moet dink:
1. Die lewe is 'n gawe van God wat ons moet koester. God alleen beskik oor lewe (Ps 31:16).
2. Ons is na die beeld van God geskape, en daarom het menslike lewe hoë waarde (Eks 20:13).
3. Selfdood verbreek nie die verhouding met God nie. Ons verhouding met God berus immers nie op verdienste nie, maar op genade (Rom 3:28).
Selfdood is sonde. Tog is die lewe eenvoudig te kompleks om maklike antwoorde oor die kwessie te gee.

## Onlangse Bydraes


- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien

© Bybelkoerant 2018 – 2026